
Ons Ewige en Volmaakte
Hoëpriester
HEBREËRS 7:15-28

15 Die saak word nog duideliker as ons daaraan
dink dat die ander priester wat te voorskyn
tree, ooreenkom met Melgisedek, 16 deurdat
Hy priester word nie deur die bepaling van die
wet oor menslike afstamming nie, maar deur
die krag van onvernietigbare lewe. 17 Van Hom
word getuig:
"Jy is priester vir ewig volgens die
priesterorde van Melgisedek."

*Hebreërs 7:15–28*

18 Aan die een kant word die vroeëre bepaling dus
afgeskaf vanweë die kragteloosheid en
nutteloosheid daarvan: 19 die wet het nie
volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het
’n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God
nader.
20 Dit het nie sonder die bevestiging met ’n eed
plaasgevind nie. Die Leviete het wel priesters
geword sonder die bevestiging met ’n eed, 21 maar
Jesus met ’n eed deur God, wat vir Hom gesê het:

*Hebreërs 7:15–28*

”Die Here het dit met ’n eed bevestig en Hy sal
dit nie herroep nie: ’Jy is priester vir ewig.’ ”
22 So het Jesus ook van ’n beter verbond borg
geword.
23 Daar is ook ’n ander verskil: omdat die dood die
Levitiese priesters verhinder het om aan te bly,
was daar baie wat mekaar opgevolg het. 24 Omdat
Jesus vir ewig bly, beklee Hý ’n priesterskap wat
nie op ’n ander oorgedra word nie.

*Hebreërs 7:15–28*

25 Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God
gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd
om vir hulle by God in te tree.
26 Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat
heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit
die midde van die sondaars en verhoog bo die
hemele, 27 een wat nie, soos die hoëpriesters, elke
dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes
en dan vir dié van die volk nie.

*Hebreërs 7:15–28*

Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir
die sondes gebring toe Hy Homself geoffer
het. 28Die wet stel mense as hoëpriesters aan,
en mense het swakhede; maar die uitspraak
wat met 'n eed bevestig is en wat ná die wet
gekom het, stel die Seun aan as ewige en
volmaakte Hoëpriester.

*Hebreërs 7:15–28*

# Wie is Melgisedek?

- Gen 14, Ps 110, Heb 5-7

18 Melgisedek, koning van Salem en priester van
God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn
gebring 19 en hom geseën:
"Mag Abram geseën word deur God die
Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.
20 Geloof sy God die Allerhoogste!
Hy het jou vyand in jou mag oorgegee."
Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles
gegee.

*Genesis 14:18–20*



# Wie is Melgisedek?

- Koning van Salem
- Hoëpriester van God
- Seën vir Abraham
- Abraham gee aan hom 10de


1WANT hierdie Melgisédek was koning van
Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat
vir Abraham tegemoetgegaan het by sy
terugkeer toe hy die konings verslaan het, en
hom geseën het;
2aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles
gegee het —
Hebreërs 7:1–3OAV

hy was in die eerste plek, volgens uitleg,
koning van die geregtigheid en dan ook
koning van Salem, dit is koning van vrede;
3 sonder vader, sonder moeder, sonder
geslagsregister, sonder begin van dae of
lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun
van God, bly hy priester altyddeur.

*Hebreërs 7:1–30AV*

# Wie is Melgisedek?



- Koning van Salem
- Hoëpriester van God
- Seën vir Abraham
- Abraham gee aan hom 10de
- Koning van Geregtigheid
- Koning van Vrede
- Sonder begin of einde
- Gelykgestel aan die Seun

17 Van Hom word getuig:
"Jy is priester vir ewig volgens die
priesterorde van Melgisedek."



# Jesus ons Hoëpriester



- Koning van die Konings
- Hoëpriester van God
- Beloofde Seën van Abraham

3 Ek sal seën wie jou seën,
en hom vervloek wat jou vervloek.
In jou sal al die volke van die aarde
geseën wees.



*Genesis 12:3*

8Die Skrif het vooruit geweet dat God
ook mense wat nie Jode is nie, sou
vryspreek as hulle glo. Daarom het die
Skrif al voorheen die goeie nuus vir
Abraham gebring: ”In jou sal al die nasies
geseën word.” 9Dit is dus dié wat glo, wat
saam met die gelowige Abraham geseën
word.

*Galasiërs 3:8–9*




# Jesus ons Hoëpriester

- Koning van die Konings
- Hoëpriester van God
- Beloofde Seën van Abraham
- Hy gee Homself
- Koning van Geregtigheid
- Koning van Vrede
- Sonder begin of einde
- Hy is die Seun van God



# Jesus ons Hoëpriester

- Lewe vir altyd
- Tree vir altyd vir ons in
- Heilig, skuldeloos, sonder smet
- Een, finale, ewige offer
- Maak ons eens en vir altyd vry!


30Nadat Jesus die suur wyn gekry
het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"
Toe het Hy sy kop vooroor laat sak
en die laaste asem uitgeblaas.
Johannes 19:30

## Ons Ewige en Volmaakte

# Hoëpriester

### HEBREËRS 7:15-28

